

# Briewe aan:



## Redakteur

Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die Redakteur.

Graag wil ek net die volgende noem in verband met die stukkie wat ek die 6de April 2018 vir Heilbron Herald gestuur het, kom van "Lewende Lote" 'n blaadje van die NG

Kerk Petrus Steyn. Toe het Liesl Beukes daar in die kerkkantoor gewerk en sy kon altyd sulke kostelike boodskappies in die blaadjes plaas. Die een waarvan ek nou praat, is daardie een "Here, dankie dat U my wind is wanneer my seile hang ... Stuurman is wanneer my bootjie rondgeslinger word" .... ens.

# Inligtingsdag vir Wildsboere

Die 4 Provinsies Wildsboeredag het Vrydag, 20 April by die Royal Auction Centre te Frankfort plaasgevind. Die geleentheid het wildsboere van sover as Kimberley se omgewing se aandag getrek. Die program het bestaan uit vyf top sprekers wat elk hul kennis en inligting met die gehoor kom deel het. Baie leersame inligting was gedurende die dag deur deskundige sprekers deurgegee. Dr Sumari Potgieter van Afrivet was eerste aan die beurt. Potgieter is al vir 'n jaar betrokke by Afrivet en het meer kom vertel oor bosluise. Sy het genoem dat ongeveer 36 bosluis spesies in Suid-Afrika voorkom, maar slegs vyf word 'n probleem vir die boere. 'n Interessante tegniek word gebruik om wilde diere te behandel deur middel van 'n "Paintball marker".

Volgende het Craig Shepstone meer gesels oor aanvullende voeding van 'n buffelkoeikudde om optimale voorplanting te verseker. Dit behels die voer van addisionele voedingstowwe wat die natuur nie vir die dier kan bied nie. Dr Paul Lubout het volgende aan die beurt 'n "Survival guide: Wildlife breeding for dummies" binne 30 minute vir die gehoor aangebied. Mike Gcabo het meer inligting

deur gegee oor die veranderende politieke ekonomiese klimaat vir die opkomende wildsboer. Adri Kitshoff-Botha het afgesluit deur meer te vertel oor wat WRSA is en wat hulle doen. So ook die voordele wat hulle vir die wildsboer inhou en hoe hulle kan help. Daar was ook vyf pryse te wen deur 'n lootjietrekking met die hoofprys, 'n naweek vir twee op plaas Vaalkrans om vier bokke te kan gaan jag. Na 'n suksesvolle dag is dit afgesluit met heerlike middagete wat voorsien was. Die dag was moontlik gemaak deur Epol, Unigro, Landrover en Jaquar Vereniging en so ook Pretoria-Noord Toyota saam met die organiseerders, Vaalkrans Game Breeders en Wildlife Ranching South Afrika (WRSA).

Op Saterdag, 21 April het die jaarlikse RAC/Quard Wild wildsveiling om 11:00 ook by die Royal Auction Centre plaasgevind. Die rooibokke het goeie pryse behaal. Alhoewel die katalogus en jagpakkette die mark tans dryf is daar nogsteeds goeie pryse behaal. Vaalkrans self het aansienlik baie wild verkoop gedurende die veiling wat deur die Royal Auction Centre aangebied is. Al het die wildspryse gedaal, was dit nogsteeds 'n baie suksesvolle veiling.



Op die foto, agter: Paul Aucamp (Vaalkrans en Quest Game Breeders Group) en dr Paul Lubout (Wildlife Stud Services – WS<sup>2</sup>). Voor: Adri Kitshoff-Botha (Wildlife Ranching South Africa – WRSA) en Mike Gcabo (AGRA). Dr Sumari Potgieter (Afrivet) en Craig Shepstone (Wildlife Nutrition Services) was nie teenwoordig tydens die foto nie.



Op die foto: Paul Aucamp (Vaalkrans en Quest Game Breeders Group), Colleen Franklin (Vaalkrans Game Breeders), Rolindie de Klerk (Wildlife Stud Services – WS<sup>2</sup>), Ankie Stroebel (Wildlife Ranching South Africa – WRSA) en Nicole Blignaut (Vaalkrans Game Breeders).

# Terugblik



SIMBA SKENK TIKMASJIENE AAN PHIRITONA - HEILBRON HERALD – VRYDAG, 14 JUNIE 1991  
Dinsdag het mnr Jan Coetzer (hoofbestuuder Simba OVS) vier tikmasjiene en papier aan die Phiritona Secondary School oorhandig. Op die foto neem mnr Adolf Sebilane (skoolhoof) die tikmasjiene in ontvangs. Saam op die foto is Charles du Plessis (tweede links, admin bestuur), Edwin Leshoro (sekretaris van Phiritona Secondary School) en Micarius Nakeli.

# 94ste verjaarsdag



Pieter van der Colff het op Dinsdag, 24 April sy 94ste verjaarsdag gevier. Sy gesondheid is nog baie goed. Hy gaan tans tuis by Huis Bron-van-Heil. Sy verjaarsdag is met lekkernye, vriende en familie gevier. Op die foto links is Antoinette Cunningham by haar pa, Pieter van der Colff.

**SPERTYD  
VIR VRYDAE  
SE  
HERALD  
ARTIKELS  
&  
ADVERTENSIES  
IS WOENSDAE  
OM 10:00**

# Tannie Baby se groot patat



Baby van Wyk is 'n alombekende gesig in Heilbron, waar sy vroeër die tannie van die Herald was is sy nou 'n kookwater groentebouer. Sy en haar man Neels het hierdie monster rooiskil soetpatat in hulle groentetuin gekweek.